Ps. 68: 9,15.
Ges. 52: 1,2.
Ges. 36: 5.

# Die Saligmakende Geloof. K | Pr.-Dos 5 Aug. '51.

Rom. 10: 1-17.

Rom. 10:10 - Want met d. hart glo ons ~~tot~~ geregtigheid en met d. mond bely ons tot verlossing.

Besluit leraars om i/d behandeling v. ons Kateg. stof v/jaar 'n deurlopende gedagtegang te volg waar d. een kraan elke keer sal aansluit by d. ander se vorige bdsk. (Soveel as moontlik eenmaal p. m.) // Vir hd. deurl. gedagtegang gekies d. behandeling v. ons Twaalf Geloofsartikels (Sondag VII – XXII) - H/in saamgevat al d. sleutelwaarhede van ons Xt. godsd. Met opset gekies as antwd. op die veelomvld. twyfel van ons tyd, die soeke na w/hd, d. wanhoop van duisende harte wat d. geloof nie besit nie! Ons innige bede dat by d. behandeling v.d. stof ons geloof sal groei deur d. meerdere kennis & d. innige vertroue wat dit wek.

Ons eerste bdsk. i/d reeks raak die 7e S/afd. wat eintlik 'n alg. inleiding & grondslag vorm ~~tot~~ d. Twaalf Artikels // Sonder 'n behoorlike begrip v. hd. alg. grondslag is dit onmoontlik om elke aparte artikel te verstaan en te aanvaar.

Hd. alg. inleiding i.v.m. geloof ^omvat 3 vrae & antwe^ begin met die vr.: „Word alle mense dan weer deur Xtus verlos soos hulle deur Adam verdoem is?" Hierop d. antw. volg: „Nee, mr. alleen dié wat in Hom deur 'n ware geloof ingelyf word en al sy weldade aanneem." Dus hier vraag gestel:

## I Die Onmisbaarhd v.d. Saligm. Geloof:

„Word alle mense gered?" Op hd. belangr. vr. volg daar 'n duid., byna onverbidd.: „Nee maar alleen dié ..." Baie mense se gemoed het reeds in opstand gekom teen die uitspraak-

Ook aan Xt. is gevra: „Sal baie gered word?" Sy antw. is 'n duid. bewys dat al ons spekulasies daar ydel is: „Stry om..." // Wat ons mensl. weekhartigheid ookal mag verlang een ding is seker: van 'n algemene verlossing v.d. hele mensd. geslag i/d Skrif geen sprake: ① Xtus bestem tot 'n val en opstanding ② hoeksteen — steen v. aanstoot ③ Twee moordenaars

Baie mense kom in opstand hierteen. Hulle beroep hulle op d. Bybel & op d. regverdigheid v. God: (Apostel) „God wil dat alle mense sal gered word en tot kennis v.d. wrhd kom"; „God het geen lus i/d dood v.d sondaar" — Alles waar: God wil dat alle mense gered word, mr. nie ongeag watter pad hulle bewandel! As hulle d. ewige saligheid nie deelagtig word, dan nie omdat God hulle willek. uitsluit, mr. omdat hulle hardnekkig weier om hulself te laat insluit!

Daarom stel God as vereiste d. geloof: ② „Hy wat in d. Seun glo, het d. ewige lewe, mr. hy wat d. Seun ongehoorsaam is, sal d. lewe nie sien — die toorn v God bly op Hom" (Joh.). ① Jesus self: „Bekeer julle en glo d. Ev." sy prediking begin!

— Mr., vra baie dan, wat v.d. heidene — die mense wat Xt. nooit geken of v. Hom gehoor het nie — hoe kan hulle dan gered word? Dadelik sê: ons weet dat God in sy geregtigheid & sy eindelose barmhartigheid geen onregv. oordeel sal vel — weet ook dat daar in elke menshart deur Gods Gees werking kan (gewete of andersins) — God openb. Hom aan elke mens — Hy sal weet hoe om elkeen te oordeel — laat dit m. gerustheid in hand v. God: Vr is: Ek dd. geloof?

II Die Aard v.d. Geloof: (Vr. 21 & antwd).

Een v.d. mooiste antw. v. ons hele H.K. — Oor die betekenis v.d. wd. „geloof" kan ons eindeloos redeneer — baie mnsk. gesien. Hier egter nie na geloof as wysgerige of godsd. begrip verwys mr. na d. ware geloof. Onderskei van ander wfr in Skrif melding gemaak word:

① hist. geloof ③ tydgeloof (Luk. 8:13)
② wondergeloof ④ saligm. geloof

W/uit bestaan hd ware geloof?

① Sekere wete of kennis van God: Baie duid.: van geloof geen sprake sonder sekere mate van kennis (Rom. 10:14): kennis v God — Xtus — d. weg v. saligheid soos gegee deur d. Wd v God! Daarom nodig: gedurige studie v.d. Wd. v God. Baie in opstand: „letter maak dood" of: „laat my lei deur inwendige lig" — (Antwd)

Ander weer: stel geloof & kennis teenoor mekaar sodat ons alleen later glo wat ons nie weet. Totaal verkeerd: Geloof is, die kennis — mr. kennis v. ander aard as die deur waarneming of redenering verkry. Daarom se Hebr. 11:3 — „Deur d. geloof verstaan ons"... Daarom weet ek bv.: God d. Skepper, Xt. d. Verlosser, lewe na d. dood. Geloof staan dus nie teenoor kennis nie, mr. wel teenoor aanskouing!

② 'n Vaste Vertroue: ① die fondament ② d. gebou — die eintlike wese v. geloof: 'n sekere vertroue wat in my hart bewerk word. Dus nie in my gevoel — my wil — mr. in my hele gemoed (die heiligdom v. my pers.)

Skrif: Salomo: d. hart d. uitgange v.d. lewe
Fil. tot Kamerling: As jy m. jou hart glo
Dus: nie net verstand. toestemming mr. instemming gemoed.

③ ~~Pers. geloof~~ toe-eiening: : „Dat nie alleen aan ander mr. ook aan my . . ." (antw. vr. 21).

④ ~~Kom~~ Bewerk daar d. H.G.:

III Die Inhoud v ons Geloof: (vr. 22) - Die hele wd v. God & al sy beloftes - mr. so eenvoudig & helder & kragtig saamgevat i/d ouste(?) 12 arts)
- Word Apost. G.B. genoem: nie omdat 12 apostels elkeen een opgestel het soos soms werk-beweer, mr. omdat dit suiwerste weergawe is v. hulle leer! Hoe d. Hu dank dvoor!
- Wys ons heen na d. Evangelie: alles wat ons i/d Evang. beloof word" - Hoe ryk en onuitputlik dd. beloftes!
- Midd. pt. van dd. Evang: Xt. Jesus: Sal sien met verloop v tyd: nie eerste plek geloof in iets mr. geloof in Iemand nie in sekere Xt. waarhede, mr. in Xt. as d. Enigste Waarhd!

Slot: Watter geloof myne?
① „Niks teen d. Evangelie - glo dis waar"
② „My gevoel laat my glo"
③ „Kan nie glo nie"

④ Ek glo Here - ~~so~~ indien wel, watter vrug? Jakobus: geloof > werke -
Xt.: boom ken aan sy vrugte.

Bede wees: dit wat ons elke Sondag bely - elke dag bevestig
- Temidde v. storms eie hart, tyd, wêreld, ongeloof: Ek glo . . . .

Amen